

## Geen meisies

*Die 16 wetenskaplikes wat aanstaande Vrydag met die navorsingskip RSA na die Suid-Afrikaanse basis Sanae in Antarktika vertrek, is in Pretoria by 'n afskeidsfunksie van die Departement van Vervoer onthaal. Die leier van die span, mnr. D. J. Joubert, het per radiotelefoon met die leier van die span wat nou by die basis is, gepraat. Die leier van die huidige span het sy opvolgers gelukgewens en Kersgroete gestuur. Die nuwe span het gister in Pretoria vier weke intensiewe opleiding voltooi. Op die foto kyk van links mnr. Joubert, mejj. D. Maguire, M. van der Walt, mnr. J. W. Grobbelaar (radiotegnikus), mej. A. Kriel en dr. H. Rode (dokter) na 'n winkelpop met die klere wat die span in Antarktika sal dra. Mnr. Grobbelaar en mej. Van der Walt is verloof en is die enigste wat al trouplanne het. Hoewel sy weet haar verloofde sal minstens 13 maande weg wees, het mej. Van der Walt gesê sy is nie bekommerd nie omdat daar geen ander meisies by die basis is nie.*